*S.A. Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation, 2002, 24(2): 93-99.*
*S.A. Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning, 2002, 24(2): 93-99.*
*ISSN: 0379-9069*

# FRANK FILLIS: NUWE FEITE RAKENDE HIERDIE SIRKUSLEGENDE

Floris J.G. VAN DER MERWE
*Departement Sportwetenskap, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, Suid-Afrika*

***ABSTRACT***

*Previous research dealing with sport in the prison-of-war camps during the Anglo Boer War (1899-1902) and the Boer war spectacle at St. Louis (1904) led to the discovery of a regrettable gap in the chronicled history of a public entertainer in the class of Frank E. Fillis. The latter was described as the greatest showman South Africa has ever seen. This article is an abstract from a biography on Fillis and deals with some of the new facts that were disclosed. Research over a three-year period covered primary and secondary sources in South Africa, Britain, Australasia and the Far East. These new facts cover his date of birth (13 July 1857), his date of death (18 November 1921), the date of his arrival in South Africa (19 August 1880), the date of his farewell to take his circus to the Far East (17 September 1910), and the identity of the third Madame Fillis (Rosa Gilbert). These new facts will enrich the existing information bank regarding circus entertainers worldwide.*

**Key words:** Frank Fillis; Circus; Sport history; Biography.

## INLEIDING

Die kommersiële omgewing, die klasse-verhoudings wat sirkusse help smee, die noue kontak met tegnologie, asook die wêreldwye aanhang, maak sirkusse oor die algemeen ’n uitdagende onderwerp om te bestudeer (*British Society for Sport History Newsletter*, 1999: 10). Hierdie studie het uit vorige navorsingsprojekte ontspruit wat begin het met die projek oor sport in die Boere-krygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog (Van der Merwe, 1992; Van der Merwe, 1995), wat op sy beurt weer tot die *Boere-sirkus van St. Louis (1904)* (Van der Merwe, 1998) gelei het. In laasgenoemde was Frank Fillis vir die choreografie en afrigting van die skouspel verantwoordelik. Frank Fillis is beskryf as die “grootste sirkusbaas wat Suid-Afrika nog ooit gehad het” (Birkby, 1948: 91) en het vir 30 jaar die vermaaklikheidswêreld hier oorheers.

## PROBLEEM

Die studie oor die “Boere-sirkus” het die groot leemte rakende Fillis se rol in die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsgeskiedenis blootgelê. Vanaf 1880 tot 1910 was sy naam sinoniem met die plaaslike sirkusbedryf en tot sy dood in 1921 was hy internasionaal welbekend.

Thelma Gutsche het ook erken dat daar ’n groot gaping in die dokumentering van Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsgeskiedenis bestaan. Sy het pertinent soos volg na die gebrekkige kennis rondom die Fillis-sirkus verwys:

> “In the case of Frank Fillis, there is again a regrettable gap in the chronicled history of South African entertainment. There is for instance, no record of the date on which that

> great showman first entered the entertainment world though from the early nineties onwards, his Circus was a national institution." (Gutsche, 1972: 1,3)

Hierdie oorhoofse studie het derhalwe gepoog om 'n omvattende biografie oor die lewe van Frank Fillis saam te stel. Die nuwe inligting sal die plaaslike sowel as die internasionale bronne in sirkusgeskiedenis aansienlik verryk.

## METODOLOGIE

Die histories-wetenskaplike metode is aangewend om relevante inligting te vind. 'n Intensiewe soektog na sekondêre en primêre bronne is in die volgende bewaarplekke geloods, naamlik Stellenbosch Universiteitsbiblioteek, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (Kaapstad en Pretoria), Parlementsbiblioteek, Africana Biblioteek in Kimberley, Africana Biblioteek in Pretoria, Harold Strange Biblioteek in Johannesburg, Johannesburg Openbare Biblioteek, MuseuMAfricA (Johannesburg), Bloemfontein Openbare Biblioteek, Britse Biblioteek (Londen), Westminster Biblioteek (Londen), Thomas Jefferson-biblioteek van die University of Missouri (St. Louis), Wayne State Universiteitsbiblioteek (Detroit), Kaapse Argiefbewaarplek, Staatsargief, Vrystaatse Argief, Argief van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein, Argief van die Missouri Historical Society (St. Louis), Colindale Koerantargief (Londen) en die Argief van die Theatre Museum (Londen).

Privaatpersone wat ook 'n waardevolle bydrae gelewer het, was onder andere Norma McIntosh van Australië, die dogter van Cecil Fillis (jongste seun van Frank), en John Turner ('n sirkushistorikus in Engeland). Heather Vallance en Cathy Barrett van Kommetjie het my op die spoor van waardevolle bronne vir sirkusinligting geplaas. Hieronder tel Mark Valentine St. Leon van Australië en Barbara Brownlie van Nieu-Seeland. St. Leon word beskou as een van die voorste sirkushistorici in Australasië terwyl Brownlie 'n bibliotekaresse by die "National Library of New Zealand" is. Programme van Fillis se toer word by laasgenoemde instansie geberg. Koerantknipsels uit die *Bangkok Times* rakende Fillis se laaste dae is van Suwakhon Siriwongworawat (Direkteur van die nasionale biblioteek van Thailand) ontvang.

## BESPREKING

Standaard verwysingsbronne aangaande Fillis, soos onder andere die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, die *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* en die *Dictionary of British Circus Biography Database* (vervat in Turner, 1995), het vir baie verwarrende inligting gesorg. Dit het heelwat navorsing in primêre bronne vereis om van dié foute uit te skakel. Een daarvan is die verskillende geboorte- en sterftedatums wat aangehaal word. Volgens die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (1977: 303) is hy in 1858 gebore. Ek kon nie Frank Fillis se geboortesertifikaat by die "Family Records Centre" (Londen) opspoor nie, maar Philip Bailey ('n navorsingskontak in Londen) het dit wel raakgeloop. Dit het sy ware geboortedatum, naamlik 13 Julie 1857, vir eens en altyd gestaaf. Hierdie dokument toon ook sy geboortename aan as Francis Edward Fillis.

Sy sterftesertifikaat kon ongelukkig nie in Bangkok gevind word nie, maar die *Bangkok Times* (1921a: 9) het inligting oor sy sterfte verskaf. Hy het dus nie in Januarie 1922 gesterf, soos berig is nie (*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, 1977: 303; *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, 1971: 239), maar op 18 November 1921. Carel Birkby (1948: 91,95) het 'n

biografie oor Wilhelm Pagel, Fillis se opvolger, geskryf en dit wil voorkom asof hierdie verkeerde feite in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* uit Birkby se werk afkomstig is.

Frank Fillis ([1901]) se outobiografie, getitel *Life and adventures of Frank Fillis*, kon nêrens in sy oorspronklike vorm opgespoor word nie. Die "Harold Strange Library of African Studies" in Johannesburg het gelukkig 'n fotokopie van die boek, waarsonder die studie veel armer sou gewees het. Hierdie bron het egter ook groot verwarring veroorsaak. Seker die grootste vraagstuk was die datum van Frank Fillis se aankoms in Suid-Afrika.

In sy outobiografie het hy geskryf dat hy in Augustus 1879 met die *RMS Anglian* aan die Kaap gearriveer het. Volgens die passasierslyste, gepubliseer in die Kaapse koerante, het hy egter op 19 Augustus 1880 per *RMS Pretoria* (*Cape Times*, 1880b: 3; *Cape Argus*, 1880a: 3) in die Kaap aangeland. Verifiëring was nie moontlik nie, aangesien 'n navraag by die "Public Record Office (National Archives)" in Londen nie die 1880-passasierslyste kon oplewer nie. Die meeste lyste wat 1890 voorafgegaan het, is in 1900 vernietig. Tydens my besoek aan die Colindale-koerantargief was al die Southampton-koerante in die proses om as mikrofilms gefotografeer te word. Ek moes dus volstaan by die *Cape Times* en die *Cape Argus*. Dit blyk korrek te wees, want dit is bekend dat Bell se sirkus in Augustus 1880 vars kunstenaars uit Engeland verwag het (*Cape Times*, 1880a: 2). Daarbenewens is in September berig dat dit Frank Fillis se eerste optrede in die Kaap was (*Cape Argus*, 1880c: 1). 'n Lys van kunstenaars in die Bell-sirkus wat op 14 Augustus 1879 gepubliseer is, maak geen melding van Fillis nie (*Standard and Mail*, 1879: 1), maar dit kan wees omdat Fillis sy eerste verskyning eers in middel September gemaak het (*Cape Argus*, 1880b: 1; 1880c: 1).

Dit is dus nuwe inligting dat dit Bell was wat vir Fillis na Suid-Afrika laat kom het om in sy sirkus op te tree.

Op Fillis se koerantadvertensies was sy naam, "Fillis' Circus", bo-aan gedruk, met "Late Bell's" tussen hakies en daaronder "Established in South Africa in 1879" (*Cape Times*, 1884: 2; *Daily Independent*, 1885: 2; *Excalibur*, 1888: 1). Alhoewel dit lyk na die Fillis-sirkus se stigtingsdatum, verwys dit eintlik na Bell se sirkus, aangesien Fillis eers in 1880 in Suid-Afrika aangekom het.

William H. Bell (Speaight, 1980: 173), ook bekend as Richard (*Lantern*, 1879: 1), het 'n jaar later, op 1 Oktober 1881 in Kimberley aan maagkoors gesterf (*Diamond News*, 1881: 4). Bestaande bronne verskil egter oor hierdie datum. Laidler (1926: 90) skryf byvoorbeeld dat Bell se sirkus aan die einde van die 1880's tot 'n einde gekom het, terwyl Birkby (1948: 92) sê dat dit in die vroeë negentigs was.

Selfs 'n gesaghebbende sekondêre bron, soos George Speaight (1980: 173), fouteer deur die Bell-sirkus as Suid-Afrika se eerste sirkus (met die datum as 1870) te beskryf en dat Fillis dit eers in 1890 oorgeneem het. Gutsche (1972: 3) huldig ook die 1890's as die koms van Fillis na Suid-Afrika toe sy geskryf het dat "no record [exist] of the date on which that great showman first entered the entertainment world through from the nineties onwards".

In sy outobiografie, *Life and adventures of Frank E. Fillis*, is daar 'n grys area tot en met ongeveer 1886 oor wat met Fillis gebeur het nadat hy sy eie onderneming begin het. In 'n

koerantonderhoud in April 1890 vertel hy dat hy £400 tot sy beskikking gehad het en daarmee van Bell se sirkustoebehore aangekoop het om sy eie onderneming te begin. Hy noem dat hy vir twee jaar 'n baie klein onderneming bedryf het en dat sake eers vanaf 1883 rooskleuriger verloop het (*Diamond Fields' Advertiser,* 1890: 3).

In bogenoemde outobiografie vertel hy dat hulle op uitnodiging by 'n boer gekuier het nadat Bell se sirkus doodgeloop het. Hierdie plaas was 16 myl (amper 26 km) vanaf Kimberley en hul kuiertjie het ses weke geduur. Die mans het die meeste van hul tyd met jag verwyl. Dit moes dus aan die einde van 1881 gewees het toe Frank die dames na Beaufort-Wes vervoer het sodat hulle 'n trein kon haal om via Kaapstad na Engeland terug te keer. Volgens hom was dit in Beaufort-Wes waar vriende voorgestel het dat hy sy eie onderneming begin. Dit moes dus aanvang 1882 gewees het, want in November daardie jaar het die *Grahamstown Journal* berig dat "the well known and popular circus which has been the round of the colony and attracted crowds in almost every town, will open in Grahamstown on Tuesday night next" (*Grahamstown Journal*, 1882: 3). Volgens hierdie berig was die sirkus al baie aktief in 1882.

Die verrassendste ontdekking was dat Fillis op daardie stadium nie die alleeneienaar van die sirkus was nie. Die "Grand Circus" (soos dit toe bekend gestaan het) het aan Fillis én Ala behoort (*Port Elizabeth Telegraph*, 1882: 1). Ala was die gimnas in die sirkus en hy het saam met Frank in 1880 na Suid-Afrika gekom. Sy regte naam was Albert Hopkins. Hy het op 24 Augustus 1889 op die vroeë ouderdom van 35 jaar gesterf (Turner, 1995: 2; Turner, 2002).

Vanaf Grahamstad is die sirkus na Port Elizabeth (*Port Elizabeth Telegraph*, 1882: 1) voordat hulle via Uitenhage (*Eastern Province Herald*, 1883: 2) en Oos-Londen (*East London Dispatch*, 1883c: 2) na Durban (*Natal Mercury*, 1883: 3) en Pietermaritzburg (*Natal Witness*, 1883: 2) getoer het. Dit wil voorkom asof die naamsverandering hier in Oos-Londen plaasgevind het. Toe die koms van die sirkus in Mei 1883 aangekondig is, is dit "Fillis's great circus" genoem (*East London Dispatch*, 1883a: 1; 1883b: 2). Dit kan wees dat Fillis Ala se aandeel toe uitgekoop het, want laasgenoemde was nog steeds deel van die toergroep.

Die rekonstruksie van iemand soos Frank Fillis se lewe is in 'n baie groot mate van koerantnavorsing afhanklik. Daarom is dit verstommend hoe koerantberigte die leser/navorser op dwaalspore kan plaas. Dit maak die verifiëring van feite absoluut noodsaaklik. Fillis se finale vertrek uit Suid-Afrika dien as praktiese voorbeeld. Die *Natal Witness* van 23 Augustus 1910 (p.3) het berig dat Frank op 30 Augustus na Indië sou vertrek. So ook bevestig die *South African Review* (1910: 9) op 2 September dat Fillis die vorige Dinsdag [30 Augustus] na Indië vertrek het. Op Vrydag 9 September skryf die *Witness* (1910b: 7) dat Fillis die vorige Dinsdag [6 September] met sy sirkus na Indië vertrek het. Dit was die laaste woord van Fillis in hierdie Pietermaritzburgse koerant. Die Durbanse koerant, die *Natal Mercury* (1910a: 6), het op 30 Augustus dit beaam toe hulle verwys het na Fillis wat die volgende week na Indië sou vertrek, maar op 6 September word die nuwe vertrekdatum as ongeveer die 16de aangegee (*Natal Mercury*, 1910b: 8). Op Vrydag 16 September is 'n groot uitverkoping van Fillis se oortollige sirkusware geadverteer en hierdie keer word gestaaf dat hy die volgende dag, Saterdag 17 September 1910, na Indië sou vertrek (*Natal Mercury*, 1910c: 7). Geen verdere berigte is waargeneem nie. Dit kan dus met 'n mate van sekerheid aanvaar word dat Fillis Suid-Afrika op 17 September 1910 verlaat het.

Ander foutiewe beriggewing met betrekking tot Fillis se vertrek is soos volg: Die *Billboard* (1922: 106) het beweer dat Frank Suid-Afrika eers in 1912 verlaat het. Hierdie tydskrif het waarskynlik sy inligting uit D.C.B. (1922) se gedenkskrif gekry. Laasgenoemde is ook in Engels in 'n verskeidenheid bronne gepubliseer. Turner (1995: 47), 'n gesaghebbende Britse sirkushistorikus, noem selfs 1911 as sy vertrekdatum.

Die "vervanging" van een Madame Fillis met 'n ander teen ongeveer 1909 in Frank se sirkus, laat ook verwarring. Die kontemporêre koerante verswyg die identiteit van die "nuwe" vrou in sy lewe en dit het heelwat navorsing geverg om tot die afleiding te kom dat dit Rosa Gilbert moes wees. In Fillis se outobiografie verwys hy nooit na sy eerste vrou (Lizzie) of selfs sy seun (Frank jr.) by haar nie. Sy is 5 Februarie 1890 in Stepney, Londen, oorlede (*New York Clipper*, 1890: 86) en Frank is toe met Eliza Maria Vicenta Mayol in die St. George Katedraal in Kaapstad in die huwelik bevestig (Kaapse Argiefbewaarplek, CSC 2/1/1/571 154; *Transvaal Observer*, 1890: 3). Hierdie huwelik het in 1907 op die rotse geloop. Die destydse koerante was baie diskreet en dit is slegs uit die argivale hofstukke dat die rede vir hul egskeiding op 6 April 1908 na vore gekom het. Fillis se skelm verhouding met Rosa Gilbert is as die rede aangegee waarom Eliza hom wou skei (Kaapse Argiefbewaarplek, CSC 2/1/1/571 154). Dit moes dan ook sy gewees het wat sy sirkus na sy afsterwe oorgeneem het (*Bangkok Times*, 1921b: 4).

Sekondêre bronne wat hulle aan foutiewe beriggewing skuldig maak, is onder andere Lawrence Green (1964: 268-269) wat geskryf het dat Fillis al in 1879 met sy sirkus in Kaapstad begin het; dat Pagel 'n leeutemmer in Fillis se sirkus was; dat generaal De Wet saam met Cronjé as adviseur in Fillis se "Boere-sirkus" opgetree het; en dat Fillis die Duitse herdershond en die Arabierbloedlyn na Suid-Afrika gebring het. Birkby (1948: 93) en andere verwys ook na lande soos Japan, China en Suid-Amerika wat in Fillis se 1890-94 toer na die Ooste ingesluit was, maar 'n rekonstruksie van hierdie toer kon dit nie verifieer nie.

Een van die tekortkominge in hierdie studie is juis die dokumentasie oor Fillis se lewe nadat hy Suid-Afrika in 1910 verlaat het. Die ander een is die verloop van Eliza Fillis se sirkus ná Frank se vertrek. Hierdie studie het egter net oor Frank self gehandel.

**SUMMARY**

**Frank Fillis: New facts regarding this circus legend**

Previous research dealing with sport in the prison-of-war camps during the Anglo Boer War (1899-1902) and the Boer war spectacle at St. Louis (1904), led to the discovery of a regrettable gap in the chronicled history of a public entertainer in the class of Frank E. Fillis. The latter was described as the greatest showman South African has ever seen. This article is an abstract from a biography on Fillis and deals with some of the new facts that were disclosed. Research over a three-year period covered primary and secondary sources in South Africa, Britain, Australasia and the Far East. These new facts cover the following:

His date of birth was found to be 13 July 1857 and not 1858, as previously believed. This was proven by locating his death certificate from the Family Records Centre in London. His date of death is 18 November 1921 and not January 1922, as stated in reference works. This information was given by the *Bangkok Times* (Thai version) kindly translated and supplied by

Suwakhon Siriwongworawat, the director of the National Library in Thailand. The date of his arrival in South Africa was 19 August 1880 and not August 1879 as Fillis himself wrote in his autobiography. In the latter source he even had the name of his ship wrong. According to the list of ships and their passengers in the local newspapers Fillis was brought to Cape Town on the *RMS Pretoria*, and not the *RMS Anglian*, as he claimed. The date of his final farewell to take his circus to the Far East seems to be 17 September 1910, and not 1911 or 1912 as reported before in secondary sources.

The identity of the third Madame Fillis was only disclosed by this research. The newspapers of the day must have had the utmost respect for the entertainer, because they handled his divorce and the reasons for it very discreetly. It was only by consulting the court papers in the Cape archives that the full story of his affair with Rosa Gilbert came to the fore. After his divorce from Eliza he married Rosa who, after his death, carried on with his circus in the Far East.

This new information will be an enriching contribution to the history of circus entertainers worldwide.

## ERKENNING

Universiteit van Stellenbosch (Sub-komitee A) vir finansiële bystand.

### VERWYSINGS

*BANGKOK TIMES* (Thai-weergawe) (1921a). 21 November.

*BANGKOK TIMES* (1921b). 6 December.

*BILLBOARD, The* (1922). 18 February.

BIRKBY, C. (1948). *The Pagel story*. London: Hodder & Stoughton.

*BRITISH SOCIETY FOR SPORT HISTORY NEWSLETTER* (1999). Volume 10, Autumn.

*CAPE ARGUS* (1880a). 21 August.

*CAPE ARGUS* (1880b). 16 September.

*CAPE ARGUS* (1880c). 27 September.

*CAPE TIMES* (1880a). 18 August.

*CAPE TIMES* (1880b). 20 August.

*CAPE TIMES* (1884). 19 January.

D.C.B. [pseud. vir D.C. Boonzaier] (1922). Frank Fillis. ’n Groot volksvermaker. *Die Huisgenoot*, 6(71): 467-468, Maart.

*DAILY INDEPENDENT* (1885). 9 July.

*DIAMOND FIELDS’ ADVERTISER* (1890). 9 April.

*DIAMOND NEWS* (1881). 4 October.

*EAST LONDON DISPATCH* (1883a). 12 May.

*EAST LONDON DISPATCH* (1883b). 16 May.

*EAST LONDON DISPATCH* (1883c). 26 May.

*EASTERN PROVINCE HERALD* (1883). 26 February.

*EXCALIBUR* (1888). 7 December.

FILLIS, F.E. ([1901]). *Life and adventures of Frank E. Fillis*. London: Stafford.

*GRAHAMSTOWN JOURNAL* (1882). 11 November [Saturday].

GREEN, L.G. (1964). *I heard the old men say*. Cape Town: Howard Timmins.

GUTSCHE, T. (1972). *The history and social significance of motion pictures in South Africa*. Cape Town: Howard Timmins.

KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK, CSC 2/1/1/571 154.

LAIDLER, P.W. (1926). *The annals of the Cape stage*. Edinburgh: William Bryce.

*LANTERN, The* (1879). 2 August.

*NATAL MERCURY* (1883). 22 May.

*NATAL MERCURY* (1910a). 30 August.

*NATAL MERCURY* (1910b). 5 September.

*NATAL MERCURY* (1910c). 16 September.

*NATAL WITNESS* (1883). 3 July.

*NATAL WITNESS* (1910a). 23 August.

*NATAL WITNESS* (1910b). 9 September.

*NEW YORK CLIPPER* (1890). 3 August.

*PORT ELIZABETH TELEGRAPH* (1882). 21 December.

*SOUTH AFRICAN REVIEW* (1910). 2 September.

SPEAIGHT, G. (1980). *A history of the circus*. London: The Tantivy Press.

*STANDARD AND MAIL* (1879). 14 August.

*STANDARD ENCYCLOPAEDIA OF SOUTHERN AFRICA* (1971). Volume III. London: Nasionale Boekhandel.

*SUID-AFRIKAANSE BIOGRAFIESE WOORDEBOEK* (1977). Volume III. Kaapstad: Tafelberg.

*TRANSVAAL OBSERVER* (1890). 3 June.

TURNER, J.M. (1995). *Victorian arena – The performers. A dictionary of British circus biography, vol.1*. Formby: Lingdales Press.

TURNER, J.M. (2002). Persoonlike korrespondensie, 11 Februarie.

VAN DER MERWE, F.J.G. (1992). Sport en spel onder die Boerekrygsgevangenes tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. Pretoria: SWO Ad Hoc-toekenning 1992/93, no. 15/1/3/3/01115.

VAN DER MERWE, F.J.G. (1995). *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. Annale, 1995/1*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

VAN DER MERWE, F.J.G. (1998). *Die Boere-sirkus van St. Louis (1904).* Stellenbosch: FJG Publikasies.

Dr. Floris J.G. van der Merwe, Departement Sportwetenskap, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602, Republiek van Suid-Afrika. Tel: +27 (0)21 808-4915, Faks: +27 (0)21 808-4817, E-pos: floris@sun.ac.za

*(Vakredakteur: Dr. Chris Venter)*